1972	1 034	1 628	3 401	2 344	8 407
I	257	384	861	572	2 074
II	290	443	872	598	2 203
III	311	429	903	602	2 245
IV	370	527	1 016	625	2 538
1973	1 228	1 783	3 652	2 397	9 060
I	284	423	920	589	2 216
II	319	471	945	641	2 376
III	328	463	963	629	2 383
IV	385	560	1 063	641	2 649
1974	1 316	1 917	3 891	2 500	9 624
I	265	446	941	605	2 257
II	314	489	967	644	2 414
III	366	488	1 003	636	2 493
IV	465	581	1 112	643	2 801
1975*	1 410	2 004	4 023	2 528	9 965
I	374	465	986	636	2 461
II	375	511	1 006	654	2 546
III	322	490	1 023	668	2 503
IV	343	575	1 119	691	2 728
1976*	1 414	2 041	4 134	2 649	10 238
I	282	454	1 012	669	2 417
II	295	484	1 026	676	2 481
III	302	479	1 068	682	2 531
IV	367	560	1 150	676	2 753
1977*	1 246	1 977	4 256	2 703	10 182
I	288	443	1 032	682	2 445
II	377	493	1 059	692	2 621
III	327	480	1 100	715	2 622
IV					
1978*					

1. Insluitende netto besteding van buitelanders in die binnelandse mark.

1. Including net expenditure of foreigners in the domestic market.

Tabel 3

**PRIVATE VERBRUIKSBESTEDING
TEEN KONSTANTE 1970-PRYSE
NÅ UITSKAKELING VAN SEISOENSINVLOED
Kwartaalsyfers teen 'n jaarkoers
R miljoene**

Table 3

**SEASONALLY ADJUSTED PRIVATE
CONSUMPTION EXPENDITURE
AT CONSTANT 1970 PRICES
Quarterly figures at an annual rate
R millions**

Tydperk Period	Duursame goedere Durable goods	Semi-duursame goedere Semi-durable goods	Nie-duursame goedere Non-durable goods	Dienste ¹ Services ¹	Totaal Total
I	886	1 384	3 089	2 086	7 445
II	972	1 456	3 196	2 091	7 715
III	972	1 477	3 240	2 159	7 848
IV	898	1 495	3 279	2 176	7 848
1970	932	1 453	3 201	2 128	7 714
I	898	1 538	3 288	2 197	7 921
II	875	1 577	3 266	2 215	7 933
III	1 036	1 591	3 358	2 230	8 215
IV	1 003	1 610	3 380	2 250	8 243
1971	953	1 579	3 323	2 223	8 078
I	1 011	1 609	3 364	2 346	8 330
II	1 022	1 609	3 400	2 315	8 346
III	1 026	1 661	3 420	2 332	8 439
IV	1 077	1 633	3 420	2 383	8 513
1972	1 034	1 628	3 401	2 344	8 407
I	1 157	1 706	3 583	2 341	8 787
II	1 205	1 778	3 587	2 394	8 964
III	1 251	1 797	3 662	2 402	9 112
IV	1 299	1 851	3 776	2 451	9 377
1973	1 228	1 783	3 652	2 397	9 060
I	1 286	1 874	3 827	2 465	9 452
II	1 328	1 898	3 893	2 511	9 630
III	1 328	1 929	3 897	2 503	9 657
IV	1 322	1 967	3 947	2 521	9 757
1974	1 316	1 917	3 891	2 500	9 624
I	1 193	1 973	3 914	2 499	9 579
II	1 312	1 976	3 978	2 556	9 823
III	1 492	2 031	4 061	2 526	10 110
IV	1 643	2 036	4 138	2 531	10 348
1975*	1 410	2 004	4 023	2 528	9 965
I	1 629	2 050	4 096	2 606	10 381
II	1 534	2 067	4 141	2 619	10 361
III	1 304	2 033	4 139	2 650	10 126
IV	1 189	2 014	4 160	2 721	10 084
1976*	1 414	2 041	4 134	2 649	10 238
I	1 253	1 998	4 211	2 723	10 185
II	1 221	1 962	4 219	2 706	10 108
III	1 230	1 963	4 301	2 705	10 199
IV	1 280	1 985	4 293	2 678	10 236
1977*	1 246	1 977	4 256	2 703	10 182
I	1 273	1 953	4 283	2 786	10 305
II	1 562	2 001	4 354	2 773	10 690
III	1 335	1 987	4 430	2 836	10 588
IV					

1. Insluitende netto besteding van buitelanders in die binnelandse mark.

1. Including net expenditure of foreigners in the domestic market.

Tabel 4

**BRUTO BINNELANDSE VASTE INVESTERING
VOLGENS TIPE ORGANISASIE TEEN
KONSTANTE1970-PRYSE**

Kwartaalsyfers

R miljoene

Table 4

**GROSS DOMESTIC FIXED INVESTMENT
BY TYPE OF ORGANISATION AT
CONSTANT 1970 PRICES**
Quarterly figures

R millions

Tydperk Period	Openbare oewerhede Public authorities	Openbare korporasies Public corporations	Private sake-onder- nemings ¹ Private business enterprises ¹	Totaal Total
I	249	85	372	706
II	240	103	451	794
III	264	76	471	811
IV	285	78	475	838
1970	1 038	342	1 769	3 149
I	294	78	449	821
II	262	104	475	841
III	316	72	486	874
IV	392	98	471	961
1971	1 264	352	1 881	3 497
I	379	88	434	901
II	298	99	481	878
III	370	85	468	923
IV	376	112	471	959
1972	1 423	384	1 854	3 661
I	351	111	416	878
II	282	180	471	933
III	325	118	507	950
IV	321	155	540	1 016
1973	1 279	564	1 934	3 777
I	362	130	491	983
II	267	197	535	999
III	343	120	556	1 019
IV	345	176	539	1 060
1974	1 317	623	2 121	4 061
I	344	167	491	1 002
II	342	242	570	1 154
III	388	174	566	1 128
IV	438	211	563	1 212
1975*	1 512	794	2 190	4 496
I	405	202	473	1 080
II	380	206	521	1 107
III	391	155	508	1 054
IV	416	220	490	1 126
1976*	1 592	783	1 992	4 367
I	379	215	448	1 042
II	293	197	442	932
III	325	197	480	1 002
IV	302	215	498	1 015
1977*	1 299	824	1 868	3 991
I	300	223	418	941
II	252	211	521	984
III	287	169	420	876
IV				
1978*				

1. Insluitende oordragkoste.

1. Including transfer costs.

Tabel 5

**BRUTO BINNELANDSE VASTE INVESTERING
VOLGENS TIPE ORGANISASIE TEEN
KONSTANTE 1970-PRYSE NÁ UITSKAKELING
VAN SEISOENSINVLOED
Kwartaalsyfers teen 'n jaarkoers
R miljoene**

Table 5

**SEASONALLY ADJUSTED GROSS DOMESTIC FIXED
INVESTMENT BY TYPE OF ORGANISATION AT
CONSTANT 1970 PRICES
Quarterly figures at an annual rate
R millions**

	Tydperk Period	Openbare oerhede Public authorities	Openbare korporasies Public corporations	Private sake-onde- nemings ¹ Private business enterprises ¹	Totaal Total
I		948	354	1 599	2 901
II		1 060	358	1 760	3 178
III		1 059	354	1 852	3 265
IV		1 085	302	1 865	3 252
1970		1 038	342	1 769	3 149
I		1 124	328	1 931	3 383
II		1 188	367	1 847	3 402
III		1 258	327	1 899	3 484
IV		1 486	386	1 847	3 719
1971		1 264	352	1 881	3 497
I		1 433	369	1 874	3 676
II		1 365	343	1 870	3 578
III		1 469	396	1 824	3 689
IV		1 425	428	1 848	3 701
1972		1 423	384	1 854	3 661
I		1 340	473	1 798	3 611
II		1 277	577	1 850	3 704
III		1 279	597	1 975	3 851
IV		1 220	609	2 113	3 942
1973		1 279	564	1 934	3 777
I		1 403	557	2 121	4 081
II		1 205	662	2 089	3 956
III		1 348	582	2 167	4 097
IV		1 312	691	2 107	4 110
1974		1 317	623	2 121	4 061
I		1 325	694	2 136	4 155
II		1 535	857	2 223	4 615
III		1 527	811	2 213	4 551
IV		1 661	814	2 188	4 663
1975*		1 512	794	2 190	4 496
I		1 551	836	2 057	4 444
II		1 695	764	2 032	4 491
III		1 544	687	1 985	4 218
IV		1 578	845	1 894	4 317
1976*		1 592	783	1 992	4 367
I		1 455	831	1 934	4 220
II		1 306	751	1 729	3 786
III		1 285	852	1 872	4 009
IV		1 150	862	1 937	3 949
1977*		1 299	824	1 868	3 991
I		1 198	855	1 798	3 851
II		1 104	847	2 049	4 000
III		1 137	714	1 669	3 520
IV					
1978*					

1. Insluitende oordragkoste.

1. Including transfer costs.

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Opsomming en algemene opmerkings

Die reële ekonomiese bedrywigheid, soos gemeet deur die reële bruto binnelandse produk, het gedurende die derde kwartaal van 1978 matig gedaal ná 'n opmerklike uitbreiding gedurende die tweede kwartaal. Ekonomiese ontwikkelings gedurende sowel die tweede as die derde kwartaal is egter verwing deur die reaksie van verbruikers op veranderings in sekere bestaande indirekte belastings, die instelling van die nuwe algemene verkoopbelasting en 'n algemene uitstel van prysverhogings van die tweede na die derde kwartaal. As die tweede en derde kwartaal gesamentlik geneem word ten einde die verwinging gedeeltelik uit te skakel, was die ekonomiese groeikoers gemiddeld nog aanmerklik hoër as in die eerste kwartaal. Die daling in die reële bruto binnelandse produk gedurende die derde kwartaal is meegebring deur 'n afname in die reële toegevoegde waarde van die landbou, mynbou en handel, wat nie ten volle deur die toename in die reële produk wat deur die sekondêre en dienstesektore voortgebring is, geneutraliseer is nie. In die eerste nege maande van 1978 was die reële bruto binnelandse produk ongeveer $2\frac{1}{2}$ persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1977, wat aandui dat 'n ekonomiese groeikoers van hierdie orde moontlik in 1978 in sy geheel behaal sal kan word, behalwe as daar 'n terugslag in die vierde kwartaal is.

Nieteenstaande 'n aansienlike afname in die reële private verbruiksbesteding, hoofsaaklik aan duursame verbruikersgoedere, en in die reële bruto binnelandse vaste investering gedurende die derde kwartaal, het die reële totale bruto binnelandse besteding nogtans 'n klein toename getoon, as gevolg van 'n toename in die reële owerheidsverbruiksbesteding en in voorrade teen konstante pryse. Die totale reële voorrade was hoër vanweë 'n toename in nywerheids- en handelsvoorraad, wat voortgespruit het uit die afname in die reële private verbruiksbesteding gedurende 'n tydperk toe die volume van die fabrieksproduksie aan die toeneem was.

Nie-landbouwerkverskaffing het gedurende die eerste helfte van 1978 effens toegeneem in ooreenstemming met die algemene ekonomiese herstel vanaf die einde van 1978. Hierdie toename was nie meer tot die openbare sektor beperk nie, maar het ook in die private sektor voorgekom. Dit is boonop vergesel deur 'n beter benutting van arbeid soos weerspieël in 'n toename in die aantal ure gewerk. Die effense toename in werkverskaffing was egter onvoldoende om 'n beduidende afname in werkloosheid mee te bring.

Die koers van toename in die verbruikerspryse het gedurende die derde kwartaal versnel selfs ná uitskakeling van die beraamde uitwerking van die algemene verkoopbelasting. Hierdie versnelling was hoofsaaklik te-

wyte aan prysverhogings wat uitgestel is om saam te val met die instelling van die algemene verkoopbelasting in Julie. Die koers van toename in die groothandelspryse het egter gedurende die derde kwartaal voortgegaan om te verlangsaam.

'n Oorskot wat aansienlik groter as in die voorafgaande kwartaal was, is gedurende die derde kwartaal op die lopende rekening van die betalingsbalans aangegetekend. Dit was bykans uitsluitend die gevolg van 'n toename in die waarde van die netto goudproduksie, wat deur die skerp styging in die goudprys meegebring is. Hierbenewens het die goedere-uitvoer effens gestyg en die goedere-invoer matig afgeneem, maar slegs as gevolg van die feit dat invoere gedurende die derde kwartaal nie, soos in die tweede kwartaal, skepe ingesluit het nie. 'n Neutraliserende verandering het voorgekom in die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld, wat 'n skerp toename getoon het. Die oorskot op die lopende rekening is effens oorskry deur 'n netto uitvloeiing van kapitaal, wat meegebring het dat die bruto goud- en ander buitelandse reserwes as gevolg van betalingsbalanstransaksies marginaal afgeneem het. 'n Groot deel van die netto kapitaaluitvloeiing het egter terugbetalings verteenwoordig op buitelandse lenings wat voorheen aangegaan is om die vlak van die buitelandse valutabesit op te hou. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes het derhalwe gedurende die derde kwartaal 'n taamlik groot toename getoon.

In teenstelling met die matige daling in die reële ekonomiese bedrywigheid, het die finansiële bedrywigheid gedurende die derde kwartaal verder toegeneem en is vergemaklik deur 'n verdere aansienlike uitbreiding van die voorraad geld en kwasi-geld. Hierdie uitbreiding is meegebring deur 'n aansienlike styging in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor en deur 'n meer matige toename in die monetêre banksektor se netto eise teen die regeringsektor en in sy eise teen die private sektor. Hierdie oorsake van verandering is gedeeltelik deur 'n aanmerklike verdere styging in die private sektor se langtermyndeposito's by die monetêre banke geneutraliseer. Die eng gedefinieerde geldvoorraad het gedurende die derde kwartaal in werklikheid afgeneem, wat daarop dui dat die toename in die likwiditeit van die private sektor tot 'n uitbreiding van die kwasi-geldvoorraad beperk was.

Nieteenstaande die toename in die voorraad geld en kwasi-geld gedurende die derde kwartaal, is daar by tye stram toestande op die geldmark ondervind, in die besonder oor die maandeinde van Augustus en, in afnemende mate, gedurende September en die eerste aantal dae van Oktober. Die rentekoers op die geldmark was van die einde van September af marginaal

laer as aan die einde van Junie, en het vervolgens gedurende Oktober en die eerste helfte van November betreklik skerp gedaal. Aansienlike opemarktransaksies is gedurende die derde kwartaal en die daaropvolgende tydperk deur die Reserwebank aangegaan ten einde die toestand van seisoenale stramheid in die geldmark te verlig en om gedurende tydperke van ruimer toestande 'n ordelike daling in rentekoerse te verseker.

Die koers van toename in die ontvangste van die sentrale regering was gedurende die tydperk April tot September 1978 effens hoër as wat in die Begroting vir die fiskale jaar in sy geheel verwag is. Dit was uitsluitend te danke aan 'n aansienlike stygging in die inkomstebelasting- en huurkontrakbelettings deur goudmynmaatskappye. Die skatkisuitreikings, daarenteen, het min of meer toegeneem teen die koers wat vir die fiskale jaar in sy geheel in die vooruitsig gestel is. As gevolg van die suksesvolle plasing van lenings by die binnelandse nie-banksektor, het die sentrale regering gedurende die ses maande tot September sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor verminder.

Die toestand op die kapitaalmark het gedurende die derde kwartaal die groter finansiële bedrywigheid in die ekonomie weerspieël. Op die mark vir vaste-rentedraende effekte het 'n voortgesette groot vraag na effekte meegebring dat die opbrengskoerse verder gedaal het. Op die aandelemark het die omset en die prys toegeneem en het die opbrengskoerse 'n aansienlike afname getoon. Dit uitleenbedrywigheid op die verbandmark was aanmerklik hoër, en op die vaste eiendomsmark het die waarde van transaksies 'n geleidelike stygging bly toon. Die beweging van langertermynfondse na depositonemende en verwante instellings het 'n opmerklike verdere stygging getoon en, in ooreenstemming met 'n algemene afwaartse beweging van die rentekoerse, het verlagings van verskeie deposito- en aanverwante koerse gedurende die tydperk van 18 September tot 1 November in werking getree.

Nasionale rekeninge*

Effens laer vlak van reële bruto binnelandse produk

Ná 'n aansienlike toename gedurende die tweede kwartaal van 1978, het die reële bruto binnelandse produk gedurende die derde kwartaal matig gedaal. Syfers vir sowel die tweede as die derde kwartaal is egter verwing deur die reaksie van verbruikers op die veranderings in die bestaande indirekte belastings en die instelling van die nuwe algemene verkoopbelasting van 4 persent op 3 Julie. Die gemiddelde kwartaallikse vlak van die reële bruto binnelandse produk gedurende die tydperk April tot September was egter nog aansienlik hoër as in die eerste kwartaal. In die eerste nege maande van 1978 was die vlak van die reële bruto binnelandse produk ongeveer $2\frac{1}{2}$ persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk in 1977. Vir 1978 in sy geheel kan 'n ekonomiese groeikoers van dieselfde omvang verwag word, behalwe as daar 'n terugslag in die vierde kwartaal is. In 1977 het die groeikoers slegs ongeveer $\frac{1}{2}$ persent bedra.


Die afname in die reële bruto binnelandse produk gedurende die derde kwartaal was toe te skryf aan 'n daling in die reële toegevoegde waarde van die landbou, die handel en, in mindere mate, die mynbou. Die reële produk van die sekondêre en dienstesektore, daarenteen, het gedurende hierdie tydperk aangehou om te styg. Hierdie toename het die grootste deel van die daling in die reële toegevoegde waarde van die groot-, klein- en motorhandel geneutraliseer. Die reële produk van die nie-primêre sektore van die ekonomie het gevvolglik slegs marginaal afgeneem.

Wanneer die eerste nege maande van 1978 met die ooreenstemmende tydperk van 1977 vergelyk word, het die reële toegevoegde waarde van die landbou met ongeveer 4 persent toegeneem, die volume van die goudmynbouproduksie met ongeveer $1\frac{1}{2}$ persent en die reële produk van die nie-goudmynbou met ongeveer 2 persent. Vergelyking van die gegewens van die fabrieks-wese en die handel vir dieselfde tydperke van nege maande toon 'n toename van ongeveer $4\frac{1}{2}$ persent in die volume van die fabrieksproduksie, 'n stygging van 19 persent in die verkope van nuwe motorvoertuie, en afnames van ongeveer $3\frac{1}{2}$ persent en 2 persent in die groot- en kleinhandelverkope teen konstante prys, onderskeidelik.

Teen heersende markpryse het die bruto binnelandse produk gedurende die derde kwartaal teen 'n hoër koers as gedurende die tweede kwartaal toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n groter toename in die bruto bedryfsurplus en in indirekte belastings min subsidies. Die vergoeding van werknemers het in werklikheid teen 'n laer koers as in die voorafgaande kwar-

*Kwartaallikse veranderings is gebaseer op seisoensaangesuiwerde gegewens.

Bruto binnelandse produk teen konstante 1970-pryse



taal gestyg. Wanneer die eerste nege maande van 1978 met die ooreenstemmende tydperk in 1977 vergelyk word, het die bruto bedryfsurplus met 20 persent en die vergoeding van werknemers met 10 persent toegeneem.

Klein toename in reële totale binnelandse vraag

Die reële bruto binnelandse besteding het gedurende die derde kwartaal van 1978 effens toegeneem nadat daar in die tweede kwartaal 'n skerp stygging voorgekom het. Die stygging gedurende die derde kwartaal was die netto gevolg van 'n toename in die reële owerheidsverbruiksbesteding en in reële voorraadinvestering, wat slegs gedeeltelik deur 'n afname in die reële private verbruiksbesteding en in die reële bruto binnelandse vaste investering geneutraliseer is. Nieteenstaande die hoér vlak van die reële totale vraag in die tweede en derde kwartale as in die eerste kwartaal, het die reële bruto binnelandse besteding gedurende die eerste nege maande van 1978 in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk in 1977 slegs 'n klein toename van $\frac{1}{2}$ persent getoon. Teen heersende prysse het die bruto binnelandse besteding gedurende die derde kwartaal aanhou styg, maar dit het op 'n aanmerklik laer vlak gebly as die bruto nasionale produk. Gevolglik is daar in hierdie kwartaal 'n aansienlike oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans aangeteken.



Matige afname in reële private verbruiksbesteding

Die aansienlike toename in die reële private verbruiksbesteding gedurende die tweede kwartaal, vóór die instelling van die algemene verkoopbelasting, is deur 'n matige afname gedurende die derde kwartaal gevolg. Die gemiddelde kwartaallike vlak van die besteding gedurende die tydperk April tot September was egter nog aansienlik hoér as in die eerste kwartaal. In vergelyking met dieselfde tydperk in 1977 het die reële private verbruiksbesteding in die eerste kwartaal met 2 persent, in die tydperk van ses maande van April tot September met 5 persent en gedurende die eerste nege maande van 1978 met $3\frac{1}{2}$ persent gestyg.



Die afname in die reële private verbruiksbesteding gedurende die derde kwartaal is hoofsaaklik deur 'n skerp afname in die reële besteding aan duursame goedere, veral motorvoertuie, meubels en huishoudelike toebehore, veroorsaak. Hierdie besteding was nietemin 13 persent hoér gedurende die eerste nege maande van 1978 as in die ooreenstemmende tydperk in 1977. Die reële besteding aan semi-duursame goedere, hoofsaaklik klerasie en skoeisel, het gedurende die derde kwartaal slegs effens gedaal, terwyl dié aan nie-duursame goedere en aan dienste aanhou styg het.

Verdere toename in reële owerheidsverbruiksbesteding

Die reële owerheidsverbruiksbesteding het gedurende die derde kwartaal verder toegeneem, maar teen 'n laer koers as in die voorafgaande twee kwartale. Hierdie



Bruto binnelandse besteding teen konstante 1970-pryse



neiging is weerspieël in die reële salaris en lone sowel as in die reële besteding aan goedere en ander dienste. Teen konstante pryse was die owerheidsverbruiksbesteding gedurende die eerste nege maande van 1978 ongeveer 5 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk in 1977.

Verdere skerp afname in reële vaste investering

In teenstelling met vroeëre aanduidings van 'n einde aan die dalende neiging in die reële bruto binnelandse vaste investering, het daar gedurende die derde kwartaal 'n skerp daling voorgekom. Die vlak van die reële vaste kapitaalbesteding in hierdie kwartaal was nie alleen die laagste sedert die derde kwartaal van 1971 nie, maar ook ongeveer 12 persent laer as die kwartaalklike gemiddelde vir 1977. Vir die eerste drie kwartale van 1978 was die totale reële vaste investering ongeveer 6 persent laer as in die ooreenstemmende tydperk in 1977.


'n Taamlik algemene daling in die reële private vaste investering het gedurende die derde kwartaal voorgekom. Die grootste daling is in private vervoer aangegetekend, as gevolg van die insluiting by die syfers vir die tweede kwartaal van skepe wat vir die behoueringsprogram en vir ander, meer algemene, doeleindes aangekoop is. Die reële vaste kapitaalbesteding deur die landbou en die mynbou het ook gedurende die derde kwartaal aansienlik gedaal, maar die reële private woningboukonstruksie en die reële kapitaalbesteding deur die private fabriekswese het min verandering getoon. Reële private vaste investering was gedurende die eerste drie kwartale van 1978 ongeveer 1 persent laer as in die ooreenstemmende kwartale van 1977.

Die reële vaste kapitaalbesteding deur openbare korporasies het gedurende die derde kwartaal ook afgeneem in vergelyking met die vorige kwartaal. Afnames is deur Evkom en Yskor aangeteken terwyl die reële besteding aan Sasol se tweede olie-uit-steen-koolaanleg min of meer onveranderd gebly het. Die reële vaste investering deur die openbare owerhede het gedurende die derde kwartaal effens gestyg, nadat 'n lae syfer in die tweede kwartaal aangeteken is. In die eerste drie kwartale van 1978 was die reële vaste investering deur openbare korporasies ongeveer 1 persent hoër en dié deur openbare owerhede ongeveer 16 persent laer as in die ooreenstemmende tydperk van 1977.

Toename in reële nywerheids- en handelsvoorraad

Nadat dit vir tien opeenvolgende kwartale gedaal het, het die totale reële voorrade gedurende die derde kwartaal gestyg. Hierdie verandering word grotendeels verklaar deur die eerste toename in elf kwartale in nywerheids- en handelsvoorraad, wat op sy beurt weer toegeskryf kan word aan die daling in die volume van die groot- en kleinhandelverkope gedurende die derde kwartaal toe die volume van die fabrieksproduksie gestyg het. Die toename in die reële nie-landbouvoorraad gedurende die derde kwartaal en die afname in die vergelykbare reële bruto binnelandse produk het meegebring dat die voorraadverhouding van 31,1 persent in die tweede kwartaal tot 31,7 persent in die derde kwartaal gestyg het.

Voorraadverhoudings



Skerp toename in bruto binnelandse besparing

'n Verdere aansienlike toename in die bruto binnelandse besparing het gedurende die derde kwartaal voorgekom. Alle komponente van die bruto binnelandse besparing het bygedra tot hierdie toename, wat die styging in die bruto binnelandse investering oorskry het en daar toe geleei het dat daar 'n aansienlik groter bedrag beskikbaar was om Suid-Afrika se netto skuldbeposisie teenoor die res van die wêreld te verminder. Vir die eerste nege maande van 1978 was die bruto binnelandse besparing ongeveer 16 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk in 1977, wat op 'n styging van 28 persent in 1977 gevvolg het.

Konjunktuurontwikkelings, arbeidstoestand en pryse

Konjunktuurontwikkelings

Die matige ekonomiese herstel vanaf die einde van 1977 het gedurende die tweede kwartaal van 1978 aansienlike stukrag gekry maar gedurende die derde kwartaal verlangsaam. Die ekonomiese ontwikkelings gedurende die tweede en derde kwartaal is egter verwring deur 'n buitengewoon groot styging in die reële verbruiksbesteding gedurende die tweede kwartaal en 'n daaropvolgende daling gedurende die derde kwartaal. Verbruiksbesteding is gedurende die tweede kwartaal aangemoedig deur die vermindering van die koopreg teen die einde van Maart, die begeerte om duursame verbruikersgoedere aan te skaf voor die instelling van die algemene verkoopbelasting van 4 persent op 3 Julie en 'n algemene uitstel van prysverhogings tot op die tydstip waarop die verkoopbelasting ingestel is. Hierdie skommelings in die reële verbruiksbesteding het hul teenhanger gehad in 'n skerp styging in die reële bruto binnelandse produk in die tweede kwartaal en 'n daaropvolgende klein daling in die derde kwartaal. Die ekonomiese groeikoers gedurende die ses maande April tot September was gemiddeld beduidend hoër as in die eerste kwartaal van 1978. Neteenstaande die effens versnelde koers van ekonomiese uitbreiding, gee die ekonomiese aanwysers slegs blyke van 'n matige oplewing gedurende die eerste nege maande van 1978.


Arbeidstoestand

As gevolg van 'n beter benutting van arbeid het die werkverskaffing gedurende die tydperk van ekonomiese herstel sedert die einde van 1977 slegs effens verbeter. In sowel die eerste as die tweede kwartaal van 1978 het die totale werkverskaffing in die nie-landbousektore van die ekonomie met 0,3 persent toegeneem, nadat 'n afname van 0,1 persent in 1977 aangeteken is. Werkverskaffing in die openbare sektor het aanhou toeneem en vanaf die einde van 1977 het 'n toename

Persentasieverandering in die totale aantal ure gewerk deur produksiewerkers en werkverskaffing in die fabriekswese en konstruksie

	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.	1e kw.	
	1977	1977	1977	1977	1978	
	tot	tot	tot	tot	tot	
2e kw.	1977	1977	1977	1977	1978	1978
Fabriekswese						
Aantal ure gewerk	... -2,3	-1,2	-0,5	1,0	2,9	
Werkverskaffing	... -0,9	-0,5	0,6	-1,0	1,2	
Konstruksie						
Aantal ure gewerk	... -3,9	-2,2	-4,3	3,6	2,8	
Werkverskaffing	... -1,5	-1,3	1,6	-1,7	-1,5	

Persentasieverandering in werkverskaffing in die nie-landbousektore



in werkverskaffing ook in die private sektor voorgekom. Die toename in die werkverskaffing in die private sektor was redelik wyd versprei en slegs in die geval van konstruksie en die nie-goudmynbou het die werkverskaffing afgeneem. In ooreenstemming met die normale verloop van sake gedurende die beginstadiums van 'n sikliese oplewing in die ekonomiese bedrywigheid, is die verbeterde arbeidstoestand duidelik weerspieël in 'n beter benutting van arbeid. Die gemiddelde aantal ure gewerk deur produksiewerkers in die fabriekswese en konstruksie het byvoorbeeld gedurende die eerste en tweede kwartaal van 1978 toegeneem, na 'n daling gedurende 1977.

Alhoewel werkverskaffing gedurende die eerste helfte van 1978 slegs marginaal toegeneem het, het die werkloosheid onder alle bevolkingsgroepes nogtans merkbaar afgeneem. Die seisoensaangesuiwerde aan-

tal geregistreerde werklose Blanke, Kleurlinge en Asiërs het van 34 640 in Desember 1977 tot 31 170 in Junie gedaal. Daarna het hierdie syfer gestyg tot 32 260 in Augustus voordat dit weer tot 31 420 in Oktober afgeneem het. Daar word geraam dat laasgenoemde syfer ongeveer 1,6 persent van die betrokke arbeidsmag uitmaak. Die aantal werklose Swartes is geraam op 633 000 in Oktober 1977. Vervolgens het hierdie syfer afgeneem tot 542 000 in Mei, wat ongeveer 10 persent van die ekonomies-bedrywige Swart bevolking in Suid-Afrika is.

In die nie-landbousektore van die ekonomie het die gemiddelde vergoeding per werker, wat in 1977 met 10,0 persent toegeneem het, in die eerste helfte van 1978, vergeleke met dieselfde tydperk in 1977, met 10,5 persent gestyg. Hoofsaaklik as gevolg van 'n laer koers van toename in die pryse, het die *reële* salaris en lone per werker in die eerste twee kwartale van 1978 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 1977 met 0,4 persent gestyg, teenoor 'n afname van 1,2 persent in 1977. Die gemiddelde *reële* vergoeding van Blanke werkers het die afwaartse neiging van die afgelope drie jaar voortgesit, maar die koers van afname gedurende die eerste helfte van 1978 was aansienlik laer. Die gemiddelde *reële* vergoeding van Nie-blanke werkers het in die eerste helfte van 1978 slegs 'n klein styging van 0,7 persent getoon.


Persentasieverandering in salaris en lone per werker in die nie-landbousektore

	Eerste helfte 1977 tot 1977	Eerste helfte 1978 tot 1977
Blanke:		
Teen heersende pryse	8,4	9,9
Teen konstante pryse	-2,6	-0,1
Nie-blanke:		
Teen heersende pryse	11,9	11,2
Teen konstante pryse	1,1	0,7
Alle bevolkingsgroep:		
Teen heersende pryse	10,0	10,5
Teen konstante pryse	-1,2	0,4

Pryse

Die inflasiekous in die eerste tien maande van 1978 was betekenisvol laer as in 1977 nieeenstaande skerp verhogings van sekere geadministreerde pryse gedurende die eerste kwartaal, die invloed van die daling van die wisselkoers van die rand op die pryse van ingevoerde goedere en die instelling van die algemene verkoopbelasting op 3 Julie. Die verbruikers- en groothandelspryse het gedurende die eerste tien maande van die jaar vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 1977 met onderskeidelik 10,0 en 9,5 persent gestyg, teenoor toenames van onderskeidelik 11,2 en 12,9 persent in 1977.

Verbruikerspryse



skeidelik 9,2 en 5,3 persent bedra. Die versnelling van die koers van toename gedurende die derde kwartaal was die gevolg van skerper toenames in die prys van motors, ander vervoertoerusting, meublement, skoeisel, tabak, en dienste, uitgesonderd behuising. Vergeleke met dieselfde maand in 1977, het die styging in die verbruikerspryse in Julie 11,3 persent, in Augustus 11,1 persent, in September 11,4 persent en in Oktober 11,3 persent bedra.

As gevolg van laer koerse van toename in die groot-handelspryse van binnelands-geproduseerde sowel as ingevoerde goedere, het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die groothandelspryse in sowel die tweede as die derde kwartaal van 1978 gedaal. Vergeleke met 13,8 persent in die eerste kwartaal van 1978, het die koers van toename in die tweede en die derde kwartaal tot onderskeidelik 9,6 en 6,8 persent gedaal. Die verlangsaming gedurende die derde kwartaal was die gevolg van laer koerse van toename in elektrisiteits-, gas- en watertariewe en in die prys van vervaardigde basiese metale en metaalprodukte, masjinerie en drank. Skerp stygings is egter in die prys van vervoertoerusting, vervaardigde voedsel, tabak en minerale aangeteken. Vergeleke met dieselfde maand in 1977, het die groothandelspryse in Junie sowel as Julie met 8,5 persent, in Augustus met 9,0 persent, in September met 9,9 persent en in Oktober met 10,5 persent gestyg.

Gedurende die derde kwartaal het stygings in die verbruikerspryse die verhogende uitwerking van die algemene verkoopbelasting weerspieël. Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die verbruikerspryse het in die derde kwartaal 22,7 persent beloop, maar slegs 9,9 persent indien die geraamde invloed van die algemene verkoopbelasting uitgeskakel word. In die eerste en die tweede kwartaal van 1978 het die ooreenstemmende koerse van toename onder-

Betalingsbalans



Groter oorskot op lopende rekening

Die lopende rekening van die betalingsbalans het gedurende die derde kwartaal van 1978 gunstig gebly en die oorskot van R662 miljoen wat gedurende hierdie tydperk aangeteken is, was aansienlik hoër as die ooreenstemmende syfer van R201 miljoen vir die voorafgaande kwartaal. In die eerste nege maande van 1978 het die oorskot op die lopende rekening R1 357 miljoen beloop, vergeleke met R376 miljoen in die oor-


eenstemmende tydperk van 1977. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die oorskot in die derde kwartaal ongeveer R1 840 miljoen bedra, teenoor onderskeidelik R1 256 miljoen en R1 098 miljoen in die eerste en tweede kwartaal. 'n Aansienlike stygging in die goudprys en dus ook in die waarde van die netto goudproduksie, wat deur 'n matige afname in die goedere-invoer en 'n klein stygging in die goedere-uitvoer aangevul is, was vir die hoër oorskot op die lopende rekening gedurende die derde kwartaal verantwoordelik. 'n Neutraliserende verandering het in die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld, wat 'n skerp stygging getoon het, voorgekom.

Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die netto goudproduksie van R3 563 miljoen in die tweede kwartaal van 1978 tot R4 130 miljoen in die derde kwartaal, of met bykans 16 persent, toegeneem. Hierdie verdere aansienlike toename was bykans geheel en al aan 'n stygging in die goudprys toe te skryf, alhoewel die volume van die netto goudproduksie ook effens gestyg het. Op die Londense mark het die goudprys per fyn ons van 'n gemiddelde van \$178,44 in die tweede kwartaal tot 'n gemiddelde van \$202,27 in die derde kwartaal gestyg. In Oktober het die prys verder gestyg

Lopende rekening van die betalingsbalans



Netto goudproduksie



tot 'n gemiddelde van \$227,41 per fyn ons en teen die einde van daardie maand \$242,60 per fyn ons bereik. Daarna het die prys afgeneem tot 'n laagtepunt van \$196,30 per fyn ons op 16 November, nadat nuwe maatreëls om die dollar te ondersteun aan die begin van November deur die Verenigde State aangekondig is.

Die invoer van goedere, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het van R8 204 miljoen in die tweede kwartaal tot R8 000 miljoen in die derde kwartaal afgeneem as gevolg van 'n daling in die volume. Die stygging in die eenheidsprys van ingevoerde goedere het in werklikheid versnel as gevolg van die hoër inflasiekoers in die Verenigde State van Amerika en die depresiasie van die rand. Hierdie faktore is slegs gedeeltelik deur die laer koers van toename in die prys van ander belangrike handelsvennootlande geneutraliseer. Die afname in die volume van die invoer was bykans geheel en al die gevolg van die feit dat die syfer van die tweede kwartaal die invoer van skepe ingesluit het terwyl geen verdere skepe gedurende die derde kwartaal ingevoer is nie. Indien skepe uitgesluit word, het die invoer van ander vervoertoerusting gedurende die derde kwartaal gestyg. Hierbenewens is skerp toenames in die invoere van masjinerie en elektriese toerusting, minerale produkte en tekstiele aangeteken.


Die uitvoer van goedere, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het gedurende die derde kwartaal R7 600 miljoen bedra, vergeleke met R7 461 miljoen in die voorafgaande kwartaal. Hierdie toename het voorgekom ondanks 'n afname in die volume en is verklaar deur 'n skerp toename in uitvoerpryse. Die verdere toename in die waarde van uitvoere was toe te skryf aan groter uitvoere van chemiese produktes, basiese metale, tekstiele en diamante.

Soos gedurende die voorafgaande drie maande, het die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld gedurende die derde kwartaal weer skerp gestyg. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het die netto betalings op die onsigbare rekening van R1 453 miljoen in die eerste kwartaal tot R1 722 miljoen in die tweede kwartaal en R1 890 miljoen in die derde kwartaal toegeneem. Hierdie skerp stygging is feitlik geheel en al meegebring deur hoër dienstebetalings aan buitelanders, wat toenames in betalings vir vervoerdienste en rente- en dividendbetalings op beleggings deur buitelanders weerspieël het.

Aansienlike netto uitvloeiing van kapitaal

'n Netto uitvloeiing van kapitaal van R672 miljoen is gedurende die derde kwartaal van 1978 aangeteken, wat op uitvloeiings van R149 miljoen in die tweede kwartaal en R522 miljoen in die eerste kwartaal gevold het. In die eerste nege maande van 1978 het die netto uitvloeiing R1 343 miljoen beloop, vergeleke met R662 miljoen gedurende die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. In teenstelling met die eerste

Netto langtermynkapitaalbewegings



twee kwartale, het 'n groot gedeelte van die netto uitvloeiing van kapitaal gedurende die derde kwartaal die terugbetaling verteenwoordig van buitelandse korttermynlenings wat voorheen aangegaan is om die vlak van die buitelandse valutareserves te ondersteun. 'n Uitvloeiing van ander korttermynkapitaal, insluitende onaangegetekende transaksies op sowel die kapitaal- as die lopende rekening van die betalingsbalans, en 'n skerp toename in die uitvloeiing van langtermynkapitaal, het ook wesenslik tot die groter totale netto kapitaaluitvloeiing bygedra.

Netto kapitaalbewegings

R miljoene

	1978	1ste kw.	2de kw.	3de kw.
Langtermynkapitaal	-99	-62	-103	
Korttermynlaste verwant aan reserwes	-78	4	-173	
Ander korttermynkapitaal, insluitende onaangetekende transaksies ¹	-345	-91	-395	
Totaal	-522	-149	-671	

1. Hier word na die kapitaal- sowel as die lopende rekening van die betalingsbalans verwys.



Die toename in die netto uitvloeiing van langtermynkapitaal in die derde kwartaal was betreklik klein in vergelyking met die aansienlike verbetering in die oorskot op die lopende rekening. Gevolglik het die basiese saldo verbeter van 'n oorskot van R139 miljoen in die tweede kwartaal van 1978 tot 'n oorskot van R559 miljoen in die derde kwartaal. Die verdere uitvloeiing van langtermynkapitaal het die totale netto uitvloeiing van hierdie kapitaal gedurende die eerste nege maande van 1978 op 'n bedrag van R264 miljoen te staan gebring. 'n Toename in die saldo's van buitelandse takke van Suid-Afrikaanse ondernemings in die private sektor, en 'n matige uitvloeiing van langtermynkapitaal vanaf die sentrale regering en banksektor, was die hoofsooak van die totale netto uitvloeiing gedurende die derde kwartaal. 'n Klein netto invloeiing van R23 miljoen is in die langtermynkapitaal van openbare korporasies aangeteken, wat grotendeels lenings wat oorsee verkry is vir die ontwikkeling van die nuwe olie-uit-steenkolaanleg en die kernkragsitasie verteenwoordig het.

Die korttermynlaste verwant aan reserwes het aansienlik afgeneem as gevolg van terugbetalings op buitelandse lenings van die Reserwebank en op die krediet van die Internasionale Monetêre Fonds aan Suid-Afrika. Die uitvloeiing van ander korttermynkapitaal, insluitende onaangetekende transaksies, het hoofsaaklik 'n beweging van fondse van die private sektor weerspieël, wat onder andere meegebring is deur 'n faktor soos die verwyding van die verskille tussen die korttermynrentekoerse in ander lande en Suid-Afrika, wat die effektiewe koste van handelsfinansiering beïnvloed.

Stygging in die netto goud- en ander buitelandse reserwes

Alhoewel die betalingsbalanstransaksies gedurende die derde kwartaal 'n geringe afname in die bruto goud- en ander buitelandse reserwes veroorsaak het, het die herwaardering van die goudreserwes en ander waardasie-aansuiwerings meegebring dat hierdie reserwes met R253 miljoen tot 'n vlak van R2 182 miljoen aan die einde van September 1978 gestyg het. Hierdie

Betalingsbalans



toename blyk veral uit die goudreserwes en die besit aan spesiale trekkingsregte terwyl die vlak van die buitelandse valutabesit van die Reserwebank en van die goud- en ander buitelandse reserwes van private monetêre bankinstellings min of meer onveranderd gebly het. Gedurende Oktober het die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met R232 miljoen toegeneem, waarvan R147 miljoen 'n herwaardering van die goudreserwes verteenwoordig het, om aan die einde van die maand 'n vlak van R2 266 miljoen te bereik. 'n Toename van R87 miljoen in die Reserwebank se besit aan valuta gedurende Oktober het

hoofsaaklik gedurende die laaste aantal dae van die maand voorgekom toe die goudprys buitengewoon hoog was en aansienlike spekulasie aangaande 'n moontlike revaluasie van die rand teenoor die VSA-dollar voorgekom het.

Die netto goud- en ander buitelandse reserwes, dit wil sê die bruto goud- en ander buitelandse reserwes *min* die korttermynlaste verwant aan reserwes en waardasie-aansuiwerings, het gedurende die derde kwartaal met R163 miljoen gestyg. Hierdie verdere toename het die totale styging in die netto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die eerste nege maande van 1978 op R261 miljoen te staan gebring.

Monetêre en banktoestand

Effens laer koers van toename in geld en kwasi-geld

Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die geld- en kwasi-geldhoeveelheid, wat gedurende die tweede kwartaal skerp tot 17 persent versnel het, het gedurende die derde kwartaal effens tot 15 persent gedaal. Vir die eerste drie kwartale van 1978 het die koers van toename 12 persent bedra, vergeleke met 7 persent vir 1977 in sy geheel. Die eng gedefinieerde geldvoorraad, seisoensaangesuiwerd, wat gedurende die tweede kwartaal met R127 miljoen of teen 'n jaarkoers van 12 persent gestyg het, het gedurende die derde kwartaal teen 'n jaarkoers van byna 7 persent gedaal. Vir die tydperk Januarie tot September 1978 het die jaarkoers van toename slegs 3 persent beloop. Die verdere toename in geld en kwasi-geld gedurende die derde kwartaal is deur 'n matige uitbreiding van binnelandse krediet en 'n relatief groot toename in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor teweeggebring. Hierdie oorsake van verandering is gedeeltelik deur 'n opmerklike verdere toename in die langtermyndeposito's van die private sektor by monetêre banke geneutraliseer.


Na 'n aansienlike toename teen 'n jaarkoers van 34 persent gedurende die tweede kwartaal, het die seisoensaangesuiwerde eise van die monetêre banksektor teen die private sektor gedurende die derde kwartaal meer matig teen 'n jaarkoers van 8 persent gestyg. Vir die eerste nege maande van 1978 het die jaarkoers van toename 17 persent bedra. Die netto eise teen die regeringsektor, seisoensaangesuiwerd, wat gedurende die tweede kwartaal skerp met R385 miljoen gedaal het, het in die derde kwartaal met R181 miljoen gestyg.

Die toename van R242 miljoen in die seisoensaangesuiwerde netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor gedurende die derde kwartaal was 'n weerspieëeling van die werklike afname




Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie			Seisoensinvloed uitgeskakel		
	1e kw. 1978	2e kw. 1978	3e kw. 1978	1e kw. 1978	2e kw. 1978	3e kw. 1978
Netto goud- en ander buitelandse reserwes	45	64	225	57	44	242
Eise teen die regeringsektor						
Bruto eise	-46	222	-25			
Regeringsdeposito's (toename-, afname+)	-306	-68	-92			
Netto eise	-352	154	-117	-65	-385	181
Eise teen die private sektor	215	634	294	204	732	210
Langtermyndeposito's (toename-, afname+)	-128	-354	-226	-186	-251	-287
Netto ander bates	81	82	111			
Totale oorsake van veranderings	-139	580	287	48	406	378

Veranderings in geld en kwasi-geld



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld




van R215 miljoen in die korttermyn buitelandse laste van hierdie sektor. Gedurende Oktober het die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank 'n aansienlike verdere styging van R267 miljoen getoon, wat veranderings uit hoofde van die maandelikse herwaardering van die Bank se goudbesit uitsluit.

Die seisoensaangesuiwerde langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre banke, wat gedurende die eerste helfte van 1978 opmerklik gestyg het, het gedurende die derde kwartaal teen 'n selfs nog hoër koers toegeneem. Die styging van R287 miljoen gedurende hierdie kwartaal het die totale styging vir die eerste nege maande van die jaar op R724 miljoen te staan gebring.


Matiger toename in bankkrediet aan die private sektor

Die monetêre banksektor se eise teen die private sektor, wat gedurende die tweede kwartaal sterk deur die skerp styging in die verbruiksbesteding voor die instelling van die algemene verkoopbelasting beïnvloed is, het gedurende die derde kwartaal teruggekeer na 'n meer matige uitbreiding. Hierbenewens is meer as die helfte van die totale toename van R294 miljoen in die eise teen die private sektor, nie seisoensaangesuiwerd nie, in die derde kwartaal verklaar deur 'n seisoenale toename in die kaskredietvoorskotte van die Landbank. 'n Taamlik aansienlike deel van die toename in die bankkrediet aan die private sektor het boonop weer bestaan uit toenames in die monetêre banke se beleggings in effekte van die private sektor, wat gedurende die derde kwartaal met R67 miljoen gestyg het nadat dit gedurende die voorafgaande drie maande met R89 miljoen toegeneem het. Die totale diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke het gedurende die derde kwartaal in werklikheid met R7 miljoen gedaal, nieteenstaande 'n sterk styging van R100 miljoen gedurende September. Gedurende die tweede kwartaal het hierdie diskonteringe en voorskotte met R436 miljoen gestyg. Alhoewel die huurkoopkrediet wat deur hierdie drie groep bankinstellings verleen is, gedurende die derde kwartaal verder met R80 miljoen toegeneem het, was dit aanmerklik kleiner as die toename van R196 miljoen gedurende die tweede kwartaal, toe die syfer deur die aansienlike toename in verbruiksbesteding beïnvloed is. Verhuringsfinansiering het gedurende die derde kwartaal met R12 miljoen gestyg nadat dit gedurende die voorafgaande drie maande met R64 miljoen gestyg het. Wissels verdiskonter deur die handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke het gedurende die derde kwartaal met R55 miljoen gedaal, in vergelyking met 'n toename van R74 miljoen gedurende die tweede kwartaal.

Landbank – Kaskrediete



Handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke – diskonteringe en voorskotte



Effens hoër oorskot-likwiditeit van bankinstellings

Die oorskot-likwiditeitsverhouding van die monetêre bankinstellings het gedurende Julie gestyg maar toe gedurende Augustus effens gedaal, hoofsaaklik as gevolg van 'n groot seisoenale beweging van fondse na die regering. Nadat die oorskot-likwiditeitsverhouding van die nie-monetêre banke sedert Januarie 1977

Oorskot-likwiditeitsverhoudings van bankinstellings, 1978

%

	Junie	Julie	Aug.	Sept.
Handelsbanke	2,6	3,0	2,5	2,8
Ander monetêre banke	1,0	1,9	0,8	1,5
Ander banke	-0,4	-1,0	—	0,3
Alle banke	2,0	2,5	1,9	2,3

negatief was, het dit in Augustus op nul te staan gekom. Gedurende September het die totale oorskot-likwiditeitstoestand van alle groepe bankinstellings weer verbeter, in weerwil van 'n verdere netto beweging van fondse na die regering. Hierdie verbetering het gedeeltelik 'n opmerklike stijging gedurende September van die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank weerspieël. Die toename in die banke se vereiste besit aan likwiede bates tussen die einde van Augustus en die einde van September is in sekere mate verminder deur 'n matige verlaging van die likwiede batevereistes, wat op 22 Augustus deur die President van die Reserwebank aangekondig is. In die gewysigde vereistes is die vroeëre onderskeid tussen handelsbanke en ander banke deur 'n onderskeid tussen "groot" banke (d.w.s. banke met 'n batebesit van meer as R800 miljoen) en "klein" banke vervang.

Geldmark

Nadat dit oor die einde van Augustus stram toestande ondervind het, het die geldmark, hoewel dit 'n neiging tot effense verruiming getoon het, gedurende September en die eerste week in Oktober oor die algemeen stram gebly. Daarna het die mark gedurende die daaropvolgende twee weke baie vinnig verruim en, ná 'n matige vernouing gedurende die laaste deel van Oktober, gedurende die eerste helfte van November voortgegaan om verder te verruim. Die mees aanhoudende oorsaak van die verruiming van die mark-toestand vanaf vroeg in Oktober was die verbetering in die netto buitelandse reserwes van die Reserwebank. Dalings in die regeringsdeposito's by die Bank het vanaf die derde week in Oktober 'n betekenisvolle oorsaak van die verruiming van die mark geword.

Die daggelddeposito's by die diskontohuise, wat op 1 September R660 miljoen beloop het, het gedurende September op betreklik lae vlakke gebly maar daarna skerp gestyg tot R831 miljoen op 25 Oktober. Nadat dit tot R689 miljoen aan die einde van Oktober gedaal het, het hierdie deposito's op 15 November 'n vlak van R878 miljoen bereik. Die akkommodasie van die Reserwebank aan die diskontohuise het afgeneem van R323 miljoen op 1 September tot R245 miljoen aan die einde van die maand en is teen die middel van Oktober tot nul verminder. Die vrye saldo's van die banke by die Nasionale Finansiekorporasie is gedurende September en die eerste twee weke van

Geldmarkrentekoerse



Oktober bykans heeltemal uitgeput maar het vervolgens tot 'n hoogtepunt van R211 miljoen op 20 Oktober gestyg. Nadat dit oor die maandeinde van Oktober weer uitgeput is, het hierdie saldo's op 16 November R188 miljoen bedraa.

Die rentekoerse op die geldmark het gedurende die eerste helfte van September min verandering getoon maar oor die maandeinde effens gestyg. Daarna het hulle regdeur Oktober opmerklik gedaal en gedurende die eerste helfte van November meer matig afgeneem. Die koers op bankaksepte van drie maande het byvoorbeeld vanaf laat in Augustus tot die middel van September op 8,0 persent gebly maar gestyg tot 8,2 persent op 22 September. Dit het daarna gedaal tot 7,8 persent op 27 Oktober en tot 7,7 persent op 10 en 17 November. Die skatkiswissel-tenderkoers het skerp gedaal van 7,65 persent (die oorheersende koers gedurende die tydperk van 25 Augustus tot 13 Oktober) tot 7,52 persent op 20 Oktober voordat dit stadiger gedaal het tot 7,38 persent op 17 November. Die basiese daggeldkoers van die diskontohuise het gedaal van 7,7 persent gedurende die grootste deel van September en 7,8 persent op 29 September tot 7,3 persent in die begin en middel van November.

Buitengewoon groot bedrae aan aansoeke om skatkiswissels is gedurende die laaste deel van Oktober en die eerste helfte van November in die weeklikse tender ontvang. Op 3 November was die totale bedrag aan tenders wat vir die aanbod van R50 miljoen aan skatkiswissels ontvang is, byvoorbeeld R182 miljoen, met insluiting van 'n aansienlike bedrag aan aansoeke van die handelsbanke.

Aansienlike opemarktransaksies is gedurende September, Oktober en die eerste helfte van November deur die Reserwebank aangegaan. Vanaf die middel van September tot die 26e het die Bank R44 miljoen aan korttermynstaatseffekte aangekoop om die stramheid van die geldmark wat in daardie stadium nog bestaan het, te help verlig. Gedurende Oktober het die Bank netto verkope van effekte van R101 miljoen bewerkstellig om ordelikheid in die hernieuwe daling van die rentekoerse te verseker. Gedurende die eerste 17 dae van November het die Bank skatkiswissels en korttermynstaatseffekte ten bedrae van R183 miljoen verkoop.

Staatsfinansies

Skatkisontvangste en -uitreikings

Gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar 1978/79, dit wil sê die tydperk April tot September 1978, was die totale inkomste-invorderings ongeveer 12 persent hoër as gedurende dieselfde tydperk in 1977. Dit kan vergelyk word met 'n styging in inkomste van 10 persent wat in die Begroting vir die fiskale jaar 1978/79 in sy geheel in die vooruitsig gestel is. Die hoër koers van toename in inkomste-invorderings gedurende die eerste helfte van die huidige fiskale jaar in vergelyking met die begrotingsramings was die gevolg van 'n aansienlike styging in die ontvangste van inkomstebelasting- en huurkontraktebetalings deur die goudmyne. Teen R346 miljoen, was hierdie ontvangste gedurende die betrokke sesmaande-tydperk byna twee keer soveel as die invorderings in die eerste helfte van die fiskale jaar 1977/78.

Uitgesonderd die ontvangste van die kant van die goudmyne, was die styging van 7,5 persent in inkomste-invorderings gedurende die tydperk April tot September 1978, vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van 1977, laer as die verwagte styging van 8,7 persent wat in die Begroting vir die fiskale jaar in sy geheel voorsien is. Die groei in inkomste-invorderings kan gedurende die tweede helfte van die huidige fiskale jaar nadelig beïnvloed word deur, eerstens, die afskaffing van die toeslag op persoonlike inkomstebelasting, soos ingelyf in die gewysigde inkomstebelasting-aftrekkingstabellie wat gedurende Julie 1978 in werking getree het, en, tweedens, die afskaffing van die verkoopreg vanaf Julie 1978. Daarenteen het die eerste betekenisvolle invordering van die algemene verkoopbelasting, wat op 3 Julie in werking getree het, eers gedurende Augustus plaasgevind en die maandelikse inkomste-ontvangste uit hierdie bron kan gedurende die tweede helfte van die fiskale jaar toeneem. Tot aan die einde van September het die ontvangste van algemene verkoopbelasting R129 miljoen bedra, vergeleke met 'n begrote ontvangste van R650 miljoen vir die volle fiskale jaar 1978/79.

Inkomste-invorderings – Staatsinkomstefonds


R miljoene

	Fiskale jare geëindig 31 Maart		April tot September			
	1978	1979– Begro- ting	% Veran- dering	1977	% Veran- dering	
Ontvangste vanaf goudmyne ¹	445	580	30,3	178	346	94,5
Ander inkomstebelastingbetalings	3 675	3 770	2,6	1 700	1 692	-0,4
Ander inkomste-invorderings	3 098	3 593	16,0	1 440	1 682	16,8
Totale inkomste-invorderings²	7 218	7 943	10,0	3 318	3 720	12,1

1 Sluit in inkomstebelasting- en goudmynhuurkontraktebetalings.

2 Uitgesonderd bedrae wat aan aangrensende gebiede betaal is kragtens Doeane-Unie-ooreenkoms.

Inkomste-invorderings



Die persentasiestyging in uitreikings vanuit die Skatkisrekening gedurende die eerste helfte van die huidige fiskale jaar was naby die styging van 10 persent wat in die Begroting vir die jaar in sy geheel voorsien is. Met inagneming van verskeie statutêre betalings, het die totale tekort op die Skatkisrekening (uitgesonderd lenings en skulddelging) gedurende die tydperk April tot September 1978 R1 089 miljoen bedra, of R143 miljoen meer as gedurende dieselfde tydperk van 1977.

Tesourie se leningsbedrywighede

Die Tesourie het met sy binnelandse leningsbedrywighede gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar aansienlike sukses behaal. As die inskrywings op die jongste uitgifte van staatseffekte gedurende Oktober 1978 ook in aanmerking geneem word, het die totale opbrengs van nuwe uitgifte, min die terugbetaling van effekte wat vervaldatum bereik het, nie minder nie as R1 445 miljoen beloop. Dit het in werklikheid die Begrotingsraming van die totale ontvangste uit hierdie bron vir die fiskale jaar 1978/79 as geheel, oorskry. Inskrywings deur die Staatskuldkommissaris (met inbegrip van 'n klein bedrag wat deur die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese ingeskryf is) het R848 miljoen bedra, of byna 60 persent van die totale opbrengs van nuwe effekte-uitgifte. Hierdie betreklik groot netto belegging deur die Staatskuldkommissaris het die aansienlike toevloeiing van fondse na die Kommissaris vanaf openbare pensioenfondse en die Suid-Afrikaanse Spoorweg-administrasie in die besonder, asook aansienlike netto verkoop van staats-effekte deur die Kommissaris aan ander sektore van die volkshuishouding weerspieël. Aansoek deur die Reserwebank vir nuwe effekte-uitgifte min aflossings van effekte wat vervaldatum bereik het, het R182 miljoen beloop, en is gedeeltelik gedoen om die Bank se portefeuille staatseffekte vir die doeleindes van die uitvoering van opemarktransaksies aan te vul. Ander aansoek, ná aftrekking van aflossings, het R415 miljoen beloop, waarby ingesluit 'n bedrag van R240 miljoen waarvoor ander monetêre bankinstellings as die Reserwebank aansoek gedoen het.

Die totale netto beleggings in nie-bemarkbare skuldbewyse van die Tesourie, met inbegrip van Tesourie-obligasies en Nasionale Verdedigingsobligasies, het gedurende die tydperk April tot September 1978 R263 miljoen bedra, of byna R100 miljoen meer as wat vir die fiskale jaar in sy geheel in die Begroting voorsien is. Die netto ontvangste ten opsigte van verpligte leningsheffings het R114 miljoen beloop, ná inagneming van die terugbetaling van leningsheffings ten bedrae van R136 miljoen gedurende Julie. In die Begroting is vir netto ontvangste van R338 miljoen voorsiening gemaak.

Skatkisfinansiering

'n Groot deel van die totale tekort (uitgesonderd lenings en skulddeling) van R1 089 miljoen op die Skatkisrekening gedurende die eerste ses maande van die huidige fiskale jaar is met lenings wat die Tesourie van die private nie-banksektor verkry het, gefinansier. Gebaseer op die verandering in die nominale waarde van sy werklike besit aan staatskuld bewyse, het die bydrae van die private sektor tot die finansiering van die skatkistekort gedurende hierdie tydperk nie minder nie as R810 miljoen, of R218 miljoen meer as gedurende die eerste ses maande van die fiskale jaar 1977/78.

Finansiering van die Skatkisrekening

R miljoene

	1977		1978	
	Apr.-Sept.	Apr.-Junie	Jul.-Sept.	Apr.-Sept.
Tekort (uitgesonderd lenings en skulddeling)	946	892	197	1 089
Gefinansier deur:				
Binnelandse nie-bankbronne	974	1 014	412	1 426
Staatskuldkommissaris*	382	417	199	615
Private sektor	592	598	213	810
Monetêre banksektor	-45	-103	-223	-326
Buitelandse sektor	16	-20	9	-11
Totaal	946	892	197	1 089

* Insluitende die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese.

beloop. Op soortgelyke wyse gemeet, het die bydrae van die Staatskuldkommissaris tot die skatkisfinansiering R615 miljoen bedra, of R233 miljoen meer as gedurende die tydperk April tot September 1977. Die totale netto belegging in staatskuldbewyse deur die private sektor en die Staatskuldkommissaris gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar 1978/79 het gevoldlik 'n bedrag van R1 426 miljoen bereik, of R337 miljoen meer as die totale skatkistekort. Hierdie aansienlike beleggings in staatskuldbewyse deur die binnelandse nie-banksektor het die Tesourie in staat gestel om sy netto skuldposisie teenoor die buitelandse sektor en die monetêre banksektor met R11 miljoen en R326 miljoen, onderskeidelik, te verminder. Die verlaging in die netto skuldposisie teenoor die banksektor is meer as ten volle verklaar deur 'n skerp stygging van R508 miljoen in sy kontantsaldo by die Reserwebank.


Kapitaalmark

Verdere verruiming van mark vir vaste-rentedraende effekte

Die verruiming van die mark vir vaste-rentedraende effekte, wat reeds in Maart 1977 begin het, het gedurende die derde kwartaal van 1978 en in Oktober voortgeduur. Die meeste nuwe uitgiftes van semi-prima-effekte gedurende hierdie vier maande is oorvolden en aansoeke ten bedrae van R435 miljoen is vir die beskikbare R291 miljoen se nuwe effekte ontvang. Die staatseffekte-uitgiftes gedurende Oktober is goed ondersteun en die aansoeke het die aflossing van effekte wat verval het met R212 miljoen oorskry.

As weerspieëeling van 'n verdere verruiming van marktoestande, het die opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte hulle afwaartse beweging voort-

Opbrengskoerse in sekondêre mark




gesit. Die opbrengskoers op nuwe uitgiftes van langtermynstaatseffekte, wat vanaf 10,75 persent in Februarie 1978 tot 10,625 persent in Mei en 10,50 persent in Junie gedaal het, is op 2 Oktober tot 10,0 persent verlaag. In die sekondêre mark het die ooreenstemmende opbrengskoers van 10,57 persent in Junie tot 10,20 persent in September en 9,89 persent in Oktober gedaal. Die opbrengskoers op nuwe langtermynuitgiftes van semi-prima-effekte van die hoogstegraad het van 10,99 persent in Junie tot 10,62 persent in September en 10,29 persent in Oktober gedaal. In die sekondêre mark het die opbrengskoers op langtermyn semi-prima-effekte van 10,87 persent in Junie tot 10,50 persent in September en 10,12 persent in Oktober verminder. Die opbrengskoers in die sekondêre mark vir prima- en semi-prima-effekte het gedurende die vier maande Julie tot Oktober dus bykans soortgelyke veranderings getoon, waardeur die opbrengsmarge effens vernou het van 0,30 persent in Junie tot 0,23 persent in Oktober. In die geval van maatskappyskuldbriewe het die opbrengskoers op nuwe uitgiftes skerper gedaal van 12,68 persent in Junie tot 11,16 persent vroeg in Oktober.

Opwaartse neiging in aandeleemark gehandhaaf

Nieteenstaande 'n aansienlike daling in die effektebeursomset gedurende September, was die aantal en waarde van aandele wat gedurende die derde kwartaal op die effektebeurs verhandel is, onderskeidelik 24 en 55 persent hoër as gedurende die voorafgaande kwartaal. Die opwaartse neiging in die aandelepryse is gedurende die derde kwartaal deurgaans gehandhaaf en die omvattende aandeleprysindeks, wat alle klasse aandele behels, het van Junie tot September met 13 persent gestyg. Gedurende Oktober het die omvattende aandeleprysindeks egter onveranderd gebly nieteenstaande 'n effense toename in die bedrywigheid op die effektebeurs. Mynbou- en finansiële mynbouaandele het gedurende die vier maande vanaf Julie tot Oktober die grootste styging getoon, gevvolg

Effektebeurs



Persentasieverandering in aandelepryse

Tydperk	Mynbouaandele				Finansiële aandele					Alle klasse aandele
	Goud	Steenkool	Ander metale en minerale	Mynbou	Nywerheids en algemeen	Vaste eiendom	Bankwese en versekering	Nywerheidsaandele	Handelsaandele	
Jun. 1977 tot Jan. 1978	47,4	5,9	23,4	29,8	18,7	13,6	32,2	14,8	8,0	26,4
Jan. tot Apr. 1978	-14,5	-9,4	-6,0	-8,3	-3,7	-14,0	0,1	-4,0	-4,3	-7,9
Apr. tot Okt. 1978	33,9	50,3	40,4	35,0	18,3	9,3	8,9	23,7	35,6	25,8
Okt. 1978 tot Jun. 1977	17,9	27,0	20,5	22,7	10,8	—	-1,7	13,2	16,2	12,6
Jun. 1977 tot Okt. 1978	68,8	44,3	62,8	60,7	35,2	6,8	44,9	36,4	40,2	46,4

deur handels-, nywerheids- en finansiële nywerheids-aandele. Die pryse van vaste-eiendomsaandele het onveranderd gebly en 'n klein daling het in die pryse van aandele van banke en versekeringsmaatskappye voorgekom. Die bygaande tabel toon die veranderings in die pryse van die belangrikste klasse van aandele gedurende die huidige opwaartse fase wat in Julie 1977 begin het.

Die dividendopbrengskoers op alle klasse aandele het van 7,0 persent in Junie tot 6,5 persent in sowel September as Oktober gedaal, waardeur die omgekeerde rendementsgaping tussen die sekondêre markopbrengskoers op aandele en langtermynstaatseffekte van 3,6 persent in Junie tot 3,4 persent in Oktober vernou het.

Groter beweging van langertermynfondse na depositonemende en verwante instellings

Die seisoensaangesuiwerde beweging van langertermynfondse na bankinstellings, bouverenigings, deelnemingsverbandskemas en Poskantoor- en ander staatspaarfasilitete het gedurende die derde kwartaal R865 miljoen beloop, vergeleke met die reeds hoë kwartaallikse gemiddelde van R622 miljoen gedurende die eerste helfte van 1978. Die seisoensaangesuiwerde toename van R351 miljoen in bouverenig-

aandele en -deposito's gedurende die derde kwartaal was meer as dubbeld die gemiddelde kwartaallikse invloeiing van R170 miljoen gedurende die voorafgaande ses maande. In die geval van bankinstellings was die toename in spaar- en langtermyndeposito's gedurende die derde kwartaal 19 persent hoër as die gemiddelde kwartaallikse toename gedurende die eerste helfte van die jaar.


In ooreenstemming met die algemene afwaartse beweging van rentekoerse, is 'n verlaging van deposito- en verwante koerse op 15 September aangekondig. Die meeste depositokoerse van banke en bouverenigings, insluitende koerse op bouverenigingsaandele, sowel as die koerse op Poskantoor spaarsertifikate, Tesourie-obligasies, en Nasionale Verdedigingsobligasies, is vanaf verskillende datums gedurende die tydperk 18 September tot 1 November 1978 met een persent verminder.

Verdere verbetering in bedrywigheid in die verband- en vaste-eiendomsmark

Geoordeel volgens die versnelde toename in verbandlenings deur bouverenigings, het die bedrywigheid in die verbandmark gedurende die derde kwartaal verder verbeter. Ná die verlaging van die depositokoerse, het die bouverenigings 'n verlaging van hul patroonkoerse vir woonhuisverbande van 'n reeks van 10,5 tot 12,0 persent na 'n reeks van 10,0 tot 12,0 persent vanaf 2 Oktober vir nuwe lenings en vanaf 1 Januarie 1979 op bestaande lenings aangekondig.

Die seisoensaangesuiwerde waarde van vaste-eiendoms-transaksies, wat gedurende die tweede kwartaal met 7 persent gestyg het, het gedurende die derde kwartaal met 'n verdere 5 persent toegeneem. Die transaksies het gedurende hierdie tydperk hul hoogste vlak sedert die vierde kwartaal van 1976 bereik.

Besparing en vloei van fondse na depositonemende en verwante instellings



Opmerkings oor tabelle

Suid-Afrika se buitelandse laste en bates – Tabelle S-64 tot S-67

Suid-Afrika se buitelandse laste en bates soos aan die einde van 1977, tesame met vergelykende gegewens vir die vier voorafgaande jare, word in hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* gepubliseer. Hierdie syfers is gebaseer op die resultate van die Tweede Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates wat vir die jaar 1973 opgeneem is en wat deur middel van jaarlikse steekproefopnames op datum gebring is.

Buitelandse laste

Die buitelandse laste van Suid-Afrika het gedurende 1977 met R1 502 miljoen, of met 7,6 persent, tot R21 332 miljoen aan die einde van die jaar gestyg. Hierdie toename was aansienlik kleiner as die gemiddelde toename van 23,9 persent gedurende die drie voorafgaande jare, hoofsaaklik vanweë 'n laer groeikoers in onregstreekse belegging. In 1977 was die toename in hierdie soort belegging beperk tot 8,4 persent, vergeleke met 'n gemiddelde toename van 34,6 persent van 1973 tot 1976. Hierbenewens het die koers van toename in die regstreekse belegging ook van 'n gemiddelde van 13,4 persent in die drie voorafgaande jare tot 6,4 persent in 1977 gedaal. Gevolglik het die persentasie-aandeel van die regstreekse belegging effens verminder, terwyl die aandeel van die onregstreekse belegging marginaal van 58,7 persent aan die einde van 1976 tot 59,2 persent aan die einde van 1977 toegeneem het.

Gedurende 1977 het daar 'n aantal belangrike veranderings voorgekom in die neigings wat gedurende voorafgaande jare in die buitelandse laste waargeneem kon word. Vanaf 1973 tot aan die einde van 1976 het die buitelandse korttermynlaste van die sentrale regering en banksektor 'n voortdurende opwaartse neiging getoon en is daar in die besonder in 1975 en 1976 groot toenames van onderskeidelik 118,5 en 64,9 persent aangeteken. In 1977 het die buitelandse korttermynlaste van hierdie sektor egter met R167 miljoen of 8,0 persent gedaal. Die buitelandse langtermynlaste van die openbare korporasies en plaaslike owerhede het ook vir die eerste keer sedert 1973 afgeneem. In vergelyking met 'n gemiddelde toename van 48,3 persent gedurende die drie voorafgaande jare, is daar in 1977 'n afname van R342 miljoen of 11,2 persent aangeteken, wat die gevolg was van meer binnelandse as buitelandse finansiering deur sommige van die groter openbare korporasies. Laastens het die buitelandse korttermynlaste van die openbare korporasies en plaaslike owerhede, nadat dit sedert 1973 slegs matig gestyg het, gedurende 1977 vinnig toegeneem. Vanaf die einde van 1973 tot aan die einde van 1976 het die toename in die buitelandse korttermynlaste van die openbare korporasies en plaaslike owerhede R107 miljoen beloop, in vergelyking met 'n toename van R163 miljoen in 1977 alleen.

Die toename in regstreekse belegging gedurende

1977 was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n styging in die buitelandse langtermynlaste van die private sektor van R6 369 miljoen aan die einde van 1976 tot R6 759 miljoen aan die einde van 1977. In teenstelling hiermee, het die buitelandse regstreekse korttermynlaste oor dieselfde tydperk slegs matig van R1 559 miljoen tot R1 671 miljoen toegeneem. Die toename in die buitelandse regstreekse langtermynlaste is op sy beurt grotendeels verklaar deur stygings in aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins, en in verbande en langtermynlenings. Die koers van toename in aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins het egter van 13,3 persent in 1976 tot 6,6 persent in 1977 gedaal.

Die verdere groei, alhoewel teen 'n laer koers, in die buitelandse onregstreekse belegging was die gevolg van 'n skerp toename in die buitelandse laste van die sentrale regering en banksektor en van die private sektor, terwyl die buitelandse laste van die openbare korporasies en plaaslike owerhede gedaal het. Soos gedurende vorige jare, het die onregstreekse langtermynlaste van die sentrale regering en banksektor gedurende 1977 aansienlik toegeneem, terwyl die korttermynlaste gedurende 1977, ná skerp toenames in 1975 en 1976, gedaal het. 'n Daling het in die buitelandse langtermynlaste van die openbare korporasies en plaaslike owerhede voorgekom, terwyl hierdie sektor se korttermynlaste vinniger as in die voorafgaande jare toegeneem het. Die toename in die onregstreekse belegging van die private sektor is hoofsaaklik meegebring deur 'n toename in verbande en langtermynlenings wat in die buiteland aangegaan is. Soos in die geval van die regstreekse belegging, het die aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins van buitelanders in die onregstreekse belegging 'n aansienlik kleiner toename as in 1976 getoon.

Die belegging van alle geografiese gebiede wat in die ontleding van Suid-Afrika se buitelandse laste onderskei word, met uitsondering van Oseanië, het gedurende 1977 toegeneem. Die persentasie-aandeel van al die gebiede het feitlik dieselfde as aan die einde van 1976 gebly, met Europa se aandeel op 66,6 persent en dié van Noord- en Suid-Amerika op 23,6 persent. Wat buitelandse regstreekse belegging betref, het die laste van die E.E.G.-lande die grootste toename getoon, maar skerp toenames is ook in die belegging van die res van Europa, Noord- en Suid-Amerika en Afrika aangeteken. Die E.E.G. en Noord- en Suid-Amerika was hoofsaaklik vir die toename in die onregstreekse belegging gedurende 1977 verantwoordelik.

Buitelandse bates

Suid-Afrika se buitelandse bates het gedurende 1977 met R340 miljoen, of 6,8 persent, tot R5 362 miljoen aan die einde van die jaar toegeneem. Hierdie toename

was groter as die toename van 2,9 persent in 1976, maar heelwat kleiner as die toenames van 25,4 persent in 1975 en 13,6 persent in 1974. Vir die tweede agtereenvolgende jaar het die buitelandse bates van die sentrale regering afgeneem, hoofsaaklik vanweë 'n afname in die goudreserves wat uit die goudruiloorde enkomste voortgespruit het. Die private sektor se regstreekse belegging het aansienlik toegeneem, maar hierdie sektor se onregstreekse belegging het vir die eerste keer sedert 1973 gedaal en hierdie afname het veroorsaak dat die totale belegging van die private sektor slegs matig toegeneem het.

Die toename in die private sektor se regstreekse belegging het R454 miljoen of 20,6 persent beloop, om aan die einde van 1977 'n vlak van R2 663 miljoen te bereik. Hierdie toename was bykans geheel en al die gevolg van 'n selfs nog meer aansienlike toename van R497 miljoen in die aandelepremie, reserves en onverdeelde wins op regstreekse belegging. Die nominale waarde van gewone en ander aandelekapitaal in die vorm van regstreekse belegging het ewe-eens gedurende 1977 toegeneem, maar die regstreekse korttermynbates en verbanne en langtermynlenings verskuldig aan buitelandse geaffilieerde organisasies en persone het skerp afgeneem.

Nadat die buitelandse onregstreekse bates skerp van R1 986 miljoen aan die einde van 1973 tot R2 758

miljoen aan die einde van 1976 toegeneem het, het dit tot R2 647 miljoen aan die einde van 1977, of met 4,0 persent, gedaal. Hierdie afname het voorgekom in die buitelandse bates van die sentrale regering en banksektor en die private sektor, terwyl die onregstreekse belegging deur die openbare korporasies en plaaslike owerhede matig toegeneem het. Soos hierbo aangedui, was die afname in die goudreserves vir die afname in die belegging van die sentrale regering en banksektor verantwoordelik, terwyl sowel die buitelandse onregstreekse lang- as korttermynbates van die private sektor skerp afgeneem het. Meer in die besonder was die aandelepremie, reserves en onverdeelde wins van die private sektor vir die afname in die buitelandse onregstreekse langtermynbates verantwoordelik.

'n Geografiese klassifikasie van Suid-Afrika se buitelandse bates toon dat die persentasie-aandeel van Suid-Afrika se belegging in die E.E.G. van 24,9 persent aan die einde van 1976 tot 27,7 persent aan die einde van 1977 toegeneem het. Hierdie toename was byna geheel en al in die vorm van regstreekse belegging en meer in die besonder in die vorm van aandelepremie, reserves en onverdeelde wins. In teenstelling met hierdie ontwikkeling, het die persentasie-aandeel van die res van Europa en van Noord- en Suid-Amerika oor dieselfde tydperk afgeneem, terwyl dié van Afrika op 'n vlak van ongeveer 30 persent gebly het.

Nuwe tabelle van kwartaallikse ramings van die vernaamste nasionale rekeninge-groothede teen konstante prys

Inleiding

Jaarlikse ramings van die bruto binneilandse produk en besteding aan die bruto binneilandse produk teen konstante prys word sedert Maart 1966 in die *Kwartaalblad* van die Suid-Afrikaanse Reserwebank gepubliseer. Besonderhede van reële private verbruiksbesteding is in Maart 1971 bygevoeg. Vergelykbare gegewens van al hierdie groothede wat die tydperk 1946 tot 1970 dek, is in 'n *Bylaag* tot die Junie 1971-uitgawe van die *Kwartaalblad* gepubliseer, en gegewens vir die daaropvolgende jare in die gereelde uitgawes van die *Kwartaalblad*. In die September 1978-*Kwartaalblad* is jaarramings van die reële bruto binneilandse produk volgens tipe ekonomiese bedrywigheid, reële private verbruiksbesteding ingedeel volgens dienste en duursaamheid van goedere, reële vaste investering volgens tipe ekonomiese bedrywigheid en tipe organisasie, en die reële vaste kapitaalvoorraad volgens tipe ekonomiese bedrywigheid en tipe organisasie, aan die gepubliseerde nasionale rekeningestatistieke teen konstante prys toegevoeg.

Alhoewel jaarsyfers nuttig is by die formulering van langertermyn ekonomiese beleid, vir navorsing met

betrekking tot ekonomiese groei en strukturele veranderings in die ekonomie, en vir middeltermyn ekonomiese vooruitskatting soos dié wat in die Ekonomiese Ontwikkelingsprogram vervat is, is jaarrekkese van beperkte nut vir die formulering van korttermyn monetêre en fiskale beleid. Vir hierdie doel word nasionale rekeninge-statistieke op 'n kwartaallikse of selfs op 'n maandelikse basis benodig. Kwartaallikse of maandelikse statistieke is ook nuttig om die bestedingsposte wat die ekonomiese bedrywigheid onderskraag, te ontleed, en om die onderliggende sterkte of swakheid van die ekonomiese bedrywigheid op 'n bepaalde tydstip te bepaal. Sulke gegewens vorm ook die basis van korttermyn ekonomiese vooruitskatting.

Ten einde in hierdie behoeftes te voorsien, het die Reserwebank in 1960 gegewens begin versamel om die nasionale rekeninge op 'n kwartaallikse basis saam te stel. Aanvanklik is slegs groothede teen heersende prys versamel en ontleed. Gedeeltelik as gevolg van die algemene eskalasie van prysstygings vanaf 1970, het die kwartaallikse ramings van die vernaamste nasionale rekeninge-reeks teen heersende prys naderhand ontoereikend geblyk te wees vir die doel-

eindes wat hierbo geskets is en het die Reserwebank die vernaamste groothede teen konstante pryse begin bereken.

In die vroeë stadiums was kwartaallikse nasionale rekeningesyfers aan herhaalde hersienings onderhewig en nie betroubaar genoeg vir publikasie geag nie, aangesien die basiese gegewens wat die kwartaallikse ramings ten grondslag lê, aanvanklik nie beskikbaar was nie en daarná aan aansienlike foutegrense onderhewig was. Die Reserwebank was gevoldig ongeneë om hierdie ramings te publiseer alhoewel hulle gereeld bereken is en die neigings in die jaarlikse en kwartaallikse ekonomiese oorsigte van die Reserwebank gebruik is. Grafiese wat die neigings in die seisoensaangesuiwerde groothede, uitgedruk teen 'n jaarkoers, getoon het, het gereeld in die *Kwartaalblad* en die *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* van die Reserwebank verskyn.

Met die verbetering van die basiese statistieke, het die Reserwebank besluit om vir die eerste keer sekere seisoensaangesuiwerde en onaangesuiwerde kwartaallikse nasionale rekeninggegegewens teen heersende pryse in die *Kwartaalblaaie* van Maart en Junie 1971 te publiseer. In die Junie 1975-*Kwartaalblad* is twee tabelle wat meer besonderhede van die private verbruiksbesteding en die bruto binnelandse vaste investering teen heersende pryse op 'n kwartaalbasis bevat het, ook hieraan toegevoeg. Historiese kwartaallikse seisoensaangesuiwerde en onaangesuiwerde ramings teen heersende pryse van al die jaarlikse nasionale rekeninggegegewens wat in die *Kwartaalblad* verskyn, is in „n Statistiese aanbieding van Suid-Afrika se kwartaallikse nasionale rekening vir die tydperk 1960 tot 1974“ gepubliseer, wat as 'n Bylaag tot die Maart 1976-*Kwartaalblad* verskyn het.

Die doel van die bygaande tabelle* is om vir die eerste keer die seisoensaangesuiwerde en onaangesuiwerde kwartaallikse ramings teen konstante pryse van die bruto binnelandse produk (teen markpryse) en die hoofkomponente van die besteding aan die bruto binnelandse produk te publiseer. Besonderhede van die reële private verbruiksbesteding, wat dienste onderskei en goedere volgens duursaamheid indeel, en van die reële bruto binnelandse vaste investering volgens tipe organisasie, word ook getoon. Hierdie reekse sal in die toekoms gereeld in die *Kwartaalblad* gepubliseer word. Aanvanklik word slegs gegewens vir die tydperk 1970 tot op datum gepubliseer. Vergelykbare gegewens vir die tydperk 1960 tot 1969 sal mettertyd gepubliseer word.

Soos hierbo genoem is, is die kwartaallikse ramings minder noukeurig, en derhalwe minder betroubaar, as die jaarsyfers en moet hulle slegs as benaderde aanswers van breë neigings beskou word. Ook moet in gedagte gehou word dat kwartaallikse nasionale rekeninggestatistieke aan herhaalde en aansienlike her-

sienings onderhewig is, in die besonder wat die jongste kwartale betref. Hierdie verskynsel is nie net op Suid-Afrika van toepassing nie, maar ook op alle lande waar kwartaallikse ramings gepubliseer word. Die vernaamste redes vir die deurlopende hersiening van kwartaallikse ramings is in die *Bylaag tot die Maart 1976-Kwartaalblad*, waarna hierbo verwys is, opgesom.

Metodes van berekening en bronre van inligting

Die bruto binnelandse produk

Vanaf die eerste kwartaal van 1969 is kwartaallikse ramings van die reële bruto binnelandse produk teen faktorkoste volgens tipe ekonomiese bedrywigheid deur die Departement van Statistiek gepubliseer, in samewerking met die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking en die Ekonomiese Departement van die Reserwebank. Die reële bruto binnelandse produk teen faktorkoste word deur die Reserwebank na markpryse omgeskakel deur die bytelling van reële indirekte belastings en die aftrekking van reële subsidies. Hierdie twee groothede word verkry deur die gegewens van indirekte belastings en subsidies in die basisjaar te ekstrapoleer aan die hand van volume-indekse van produkte wat aan indirekte belastings en subsidies onderhewig is.

Private verbruiksbesteding

Die kwartaallikse ramings van die reële private verbruiksbesteding word op 'n groot aantal bronre gebaseer. Om die private verbruiksbesteding teen heersende pryse na konstante pryse om te skakel, word elke beskikbare komponent teen die basisjaarpryse herwaardeer en daarna bymekaar getel om die totale private verbruiksbesteding teen konstante pryse te verkry. Waar moontlik, word reële waardes bereken deur die ekstrapolasie van basisjaarwaardes met behulp van toepaslike volume-indekse. Waar volume-indekse nie beskikbaar is nie, word toepaslike prysindekse gebruik om die betrokke waardereekse na konstante pryse te herlei. Indien geeneen van die bovenoemde metodes suksesvol toegepas kan word nie, word die algemene verbruikersprysindeks gebruik om die reeks te defleer. Laasgenoemde metode word slegs gebruik ten opsigte van poste wat 'n baie klein gedeelte van die totale private verbruiksbesteding uitmaak. Daar word gebruik gemaak van 'n groot aantal verskillende indekse, soos dié wat beskikbaar is vir die komponente van die verbruikers- en groothandelsprysindeks, kleinhandelverkope, en die fisiese volume van fabrieksproduksie, sowel as van inligting wat regstreeks deur die Reserwebank ingesamel word.

Owerheidsverbruiksbesteding

Die reële lone en salarisne en toelaes, insluitende vergoeding in natura, en ander poste van die lopende besteding teen konstante pryse, word afsonderlik bereken. Die basisjaarwaardes van lone, salarisne en

*Sien bladsye 27 tot 35.

toelaes word met behulp van die aantal werknemers, aangesuiwer vir produktiwiteitsveranderings, geëkstrapoleer, aangesien geen gesikte loon- en salarisskaal-indekse beskikbaar is nie. Kwartaallikse ramings van die overheidsbesteding aan goedere en ander dienste teen konstante pryse word verkry deur die besteding teen heersende pryse met behulp van 'n beswaarde indeks, wat uit die groothandelspryse van verskillende soorte goedere en dienste saamgestel is, te defleer.

Bruto binnelandse vaste investering

Om die bruto binnelandse vaste investering teen heersende pryse na konstante pryse om te skakel, word die besteding teen heersende pryse volgens tipe bate vir elkeen van die nege ekonomiese sektore en die drie tipes instellings gedefleer om basisjaarwaardes te verkry. Hierdie gedefleerde waardes word danne bymekaar getel om die totale bruto binnelandse vaste investering teen konstante pryse te verkry. In die geval van konstruksiewerke en woon- en nie-woongeboue word die kwartaalramings teen heersende pryse gedefleer met behulp van afsonderlike prysindeks vir elkeen van die drie tipes bates, aangepas vir meetbare veranderings in arbeidsproduktiwiteit. In die geval van vervoertoerusting, masjinerie en ander toerusting word die kwartaallikse uitgawes teen heersende pryse gedefleer met afsonderlike indekse, gebaseer op inligting wat van die Departement van Statistiek verkry word.

Verandering in voorrade

Die landbou se veestapel teen konstante pryse word verkry deur die verandering in die fisiese hoeveelhede van die verskillende soorte lewende hawe gedurende 'n kwartaal te vermenigvuldig met 'n toepaslike gemiddelde waarde vir die betrokke tipe lewende hawe. Vir nywerheids- en handelsvoorraad word die totale waarde van die voorrade aan die einde van die kwartaal gedefleer met die gemiddelde groothandelsprysindeks vir die laaste vyf en vier maande, onderskeidelik. Die reële landbouvoorraad in die handel word verkry deur die fisiese verandering in die verskillende tipes produkte teen toepaslike basisjaarpryse te waardeer. Die veranderings van alle ander tipes voorrade word verkry deur die voorraadsyfer vir 'n spesifieke sektor aan die einde van 'n kwartaal met die groothandelsprysindeks vir die betrokke kwartaal te defleer en die verskil tussen die waardes aan die einde van die kwartale te bereken.

Uitvoere van goedere en nie-faktordienste

Die netto waarde van die uitvoer van goud teen konstante pryse word verkry deur ekstrapolasie van die waarde in 1970 op basis van die aantal kilogramme fyn goud geproduseer. Die waarde van die uitvoer van goedere teen konstante pryse word bereken deur die waarde teen heersende pryse met 'n prysindeks te defleer wat uit die indeks van die gemiddelde eenheidswaardes van goedere-uitvoere saamgestel is. Die

waarde van die uitvoer van nie-faktordienste teen konstante pryse word verkry deur defleering van die komponente van sodanige dienste teen heersende pryse met toepaslike indekse, soos vrag- en versekeringstariewe, passasiersreisgelde en verbruikerspryse van toeriste-besteding in die binnelandse ekonomie.

Invoere van goedere en nie-faktordienste

Die waarde van die invoer van goedere teen konstante pryse word bereken deur die waarde teen heersende pryse met 'n prysindeks van die gemiddelde eenheidswaardes van goedere-invoere te defleer. Die waarde van die invoer van nie-faktordienste teen konstante pryse word verkry deur die komponente teen heersende pryse met toepaslike indekse, soos vragtariewe, passasiersreisgelde en die verbruikerspryse vir toeriste-besteding, te defleer.